Pretoria- 29 Mei 2011 (Nabetragting)

Skriflesing: Filippense 2:12-18
Teks: **Filippense 2:12c-13; 14; 17-18**
Sing- Ps. 119:29; Ps. 27:1; Ps. 128:3

Die volmaakte voorbeeld van Jesus Christus het ons gebring en gedring, by waar ons Nagmaal gevier het. Broeder en suster, ons het gehoor dit wat ware nederigheid beteken. Die volmaakte voorbeeld van nederigheid moet in eensgesindheid nagevolg kan word. Dit skuif eintlik alles weer terug na v.1 wat die redes vir ons eensgesindheid daargestel het. Ons troos in Christus en ons vertroosting in sy liefde is eintlik om in die liefde van Christus gekonsolideerd te wees en so met jou lewe voort te gaan. Die Griekse woord vir vertroosting gee iets van hierdie gekonsolideerde betekenis weer. Ook ons gemeenskap deur die Heilige Gees, die koinonia waarvan ons gepraat het- dit gee die vierde rede dat die enige en innige tederheid en ontferming daar sal wees. Dit gaan in Christus daaroor dat ons werklik vir mekaar sal omgee.

Ware koinonia is gemeenskap met God en met mekaar. As ons omgee vir mekaar nie sterk staan nie, dan sal ons nie kan sê dat ons werklik saam is nie en dat ons saam staan en saamstry, een van siel en een van sin, vir die geloof van die evangelie. Wanneer ons dieselfde liefde het en ons liefde is op dieselfde manier gerig, op alle broeder en susters, en ons vorm hierin 'n eenheid dan het ons werklik daarby gekom om eensgesind te wees.

***

Daarom by hierdie nabetragting staan ons eintlik nog by dieselfde gesindheid wat daar in Christus is, net nog weer ander aspekte daarvan. Hier sien ons hoeveel God waarlik vir ons omgee en dit vir elkeen in daardie kerk van Filippi. In v.12 noem Paulus hulle ook sy *geliefdes en* dat hulle altyd gehoorsaam moet wees, nie omdat hy so sê nie, maar omdat daar in Filippi van die begin af 'n werklike uitreik ook na mekaar was. In Handelinge 16 toe hierdie gemeente begin het, toe weet ons het die aarde begin skud terwyl Paulus en Silas met stukkende liggame, diep in die tronk, om middernag lofsange gesing het, die tronk het oopgeruk, die mure het geval en die deure het oopgegaan- die tronkbewaarder daar in Filippi wou homself om die lewe bring, want het hy gedink dat almal ontsnap het en hy in alle geval nou met sy lewe sal boet. Maar let op Paulus se omgee en uitreik na die tronkbewaarder- Daar het hulle die tronkbewaarder kon keer- *moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier...* .

***

Die evangelie van Christus het daardie tronkbewaarder in daardie nagtelike ure gebring by wat Paulus nou weer aan die gemeente skrywe- julle het werk om te doen. Nabetragting sê altyd ook vir ons- julle het werk om te doen. *Werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.* Die tronkbewaarder het die volmaakte evangelie gehoor- hy wat vir Paulus hulle gevra het- *Menere wat moet ek doen om gered te word...* En dit wat Paulus hulle die bewaarder kon antwoord- het ons die navolging in Filippense gehoor- *Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin...*

Die geloof is waar dit vir hierdie man met die sleutels van die tronk by begin, maar nou word sy lewe oopgesluit. En hierdie oopsluit van 'n mens se lewe vind nie maar eenmaal plaas en dit is afgehandel nie. Die lewe van daaglikse bekering, is wat nou vir hom voorlê en dit is wat elke dag vir ons ook voorlê. Dit gaan oor Sondag 33 van die Kategismus. Elke dag moet ons sterwe dit wat ons ou mens aanbetref, elke dag moet daar in ons daardie hartlike berou wees oor die sondes waarmee ons God so vertoorn, elke dag ja, hoe langer hoe meer moet ons die sonde haat en daarvan wegvlug. Daardie hartseer wat in ons moet groei dat ons geloof nog so klein is, dat ons nie ten volle op God vertrou soos wat ons moet vertrou nie.

***

Ons het Paulus nie net in die tronk van Filippi sien optree nie, maar nou skryf hy ook aan hierdie Filippense – *werk julle eie heil uit met vrees en bewing*- daardie tronkbewaarder was baie bang, hy het waarlik gebewe toe hy gewonder het wat gaan nou van hom word, maar geliefdes as dit gaan om die lewe van daaglikse bekering, dit wat die tronkbewaarder en die Filippense nou ook by moet uitkom, dan sal ons niks kan doen as God dit nie vir ons doen nie. Dit is God wat in ons moet werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

Soos ons uit ons reeks uit die Dordtse Leerreëls al duidelik moes agterkom dat alles begin by die werk van God. Dit wat al voor die grondlegging van die wêreld vaslê, dit waarby ons ook moet vasstaan. Die verkiesende genade van God, dit alleen het gemaak dat ons kan glo. Daarmee het God ons harte ontvanklik gemaak, die uitverkorenes word in hulle geloof omgebuig hoe verhard hulle ook al mag wees.

By hierdie nabetragting kan ons dan ook sê die volmaakte voorbeeld wat ons reeds in Christus ontvang het, beteken nie dat God sy deel klaar gedoen het en nou moet ek my deel

doen nie. Nee, Christus moet nou nog in my deur sy Heilige Gees werk, maar daarom kan ons ook werk. Die wil en die werk, werk God in u en my, daarom kan ons ook werk, daarom moet ons ook wil werk. Dit geld vir ons bekering van elke dag, dit geld vir ons geloof, want God werk ook in ons die geloof. Deur sy Woord en Gees beweeg God ons om te glo, maar ons moet ook wil glo. Die bevordering en blydskap in die geloof, geloofsgroei en geloofsvreugde (Fil. 1:25) dit is ook 'n proses soos wat bekering 'n proses in ons lewe is. 'n Lewenslange proses van elke dag sê, glo, maar ook elke dag se stryd teen wat ek nie glo nie.

***

Met hoeveel stryd, hoeveel trane het ons nog elke dag te make- Die pa van die maansieke kind wat dit in trane uitroep- *Ek glo Here, kom my ongeloof te hulp...!* Met vrees en bewing is Thomas daar voor die Here, in sy geloof is hy nie klaar met geloof nie, dit laat hom uitroep- *My Here en my God...* En dan antwoord Jesus hom- *Omdat jy my gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het...* Vir Petrus het die Here enkele ure voor sy verloëning kon verseker dat Hy wat die Here is, het vir Petrus gebid dat sy geloof nie ophou nie- *en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk...*Was Petrus dan nie bekeerd nie- hoekom sê Jesus -*eendag bekeerd is*- Nog weer sal Petrus hom moet bekeer- elke dag bekeer- elke dag met vrees en bewing jou heil uitwerk. Elke dag, elke oomblik is dit God wat in my moet werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

Hiervoor het ons nie ander mense nodig nie, maar ons het die Here so nodig. Paulus wil sterk daarop wys dit wat hy hier sê moet nie maar net geld omdat hulle hom wat Paulus is in sy persoon daar wil hê nie. Dit alles moet geld juis ook in Paulus se afwesigheid, want God is nooit afwesig nie. God werk in ons. Wanneer ons iets bewerk dan is God aktief aan die werk. Hy wat die goeie werk in ons begin het, dit stel Paulus heel aan die begin (1:6). Vir God se werk gebruik Paulus in die Grieks dan ook 'n heel ander woord as wanneer ons werk. As ons werk dan staan in die Grieks **κατεργάζομαι** – maar as God werk word daar gepraat van - **ἐνεργέω** energeo- Alleen God se werk kan ons werkend laat werk. Om te wil werk en dan werklik by die werk self. Wanneer ons iets goed sou doen, dan bly dit op die einde eintlik maar weer die werkstuk van God te wees- Soos Paulus dan ook sê om te werk na God se welbehae. Hierdie woord beteken daar moet gewerk soos wat God ook daarvan hou. Dit moet God ook tevrede stel.

***

Wanneer ons sien hoe dit vir ons moontlik is om tog by hierdie nabetragting vanuit die volmaakte voorbeeld van Christus te kan wérk, gaan dit nou weereens om ons gesindheid. Wanneer daar stryd in ons lewe kom is daar ons gesindheid wat saak maak, wanneer daar gewerk moet word, is dit weereens ons gesindheid waarna ons moet terugkeer- *Doen alles sonder murmurering en teëspraak-* Doen die werk van die Here sonder om te kla of teë te praat. En dan wys die Here ons wat werklik van ons verwag word in wat ons gesindheid aanbetref. Hier moet ons onberispelik wees en opreg wees. In die Grieks dra die woord om onberispelik te wees ook die betekenis dat mense jou nie moet kan blameer nie. Wanneer jy so wil werk deur nie foute te maak nie, dit staan ook in die woord, dan sal mense jou nie kan blameer nie. Dit gaan ook daaroor dat ons ἀκέραιος akeraios – opreg moet wees. In die oorspronklike taal het die woord ook te doen met suiwerheid, dinge word nie deurmekaar gemaak nie- ongemeng- dit moet edel kan wees.

***

Wanneer dit van ons vereis word, broeder en suster, dan plaas Paulus ons eintlik maar net waar Jesus ons geplaas het. Ons wat weet dat ons lewe te midde van 'n donker wêreld. Te midde van 'n krom en verdraaide geslag- Jesus het in sy eerste preek op aarde gesê- *Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil...* want dit sê die Here ook dat mense sal u en my ook wil vervolg omdat hulle die reg nie kan verdra nie- hulle vervolg ons ter wille van die geregtigheid. Nog steeds moet ons ligdraers wees. Jesus sê dit in sy bergpreek en nou sê die Here dit weer- *Julle is die lig van die wêreld- 'n Stad wat bo-op 'n berg lê kan nie weggesteek word nie.* En dieselfde vir die kleiner ligte- ook die lig (die lamp) in jou huis mag nie swakker wees as die lig op die berg wat vir die stad moet skyn nie, maar ook die lamp op die staander, dit moet skyn vir almal wat in die huis is. Ons moet bly skyn soos ligte in die wêreld- is wat ons in Filippense lees.

Ons wat soos sterre of soos die maan, nie die bron van lig kan wees nie, maar die sterre en die maan skyn tog wel, want die lig wat sterre en maan gee, is van die son, die bron. Hulle weerkaats maar net die son se lig en nou skyn hulle ook. Die lig wat van ons moet afstraal voort is die lig van God, die God wat Self aan ons openbaar- 1 Joh.1:5- *God is lig en geen duisternis is in Hom nie...* 'n Lig wat alleen sal kan skyn as daar aan die bron van die lig vasgehou sal word. Daarom dat Paulus die Filippense dadelik weer na die Woord van die Here terugbring, die bron van ons lewe moet die Woord van God wees- *ons moet die Woord*

van die lewe vashou... lig en lewe kan nie, mag nie vanmekaar geskei word nie. So ook v.15 se lig en v.16 se lewe, is onafskeidbaar vanmekaar. As jy op die ware lewe gerig is, jy hou aan die ware lewe vas, dan sal jy lig uitstraal. Die woord van die lewe, beteken dat die Woord die lewe is, maar dat dit ook lewe wek.

***

Daarom staan ons aan die einde van hierdie gedeelte uit Filippense nie maar net by die feit van ons werke en by die gesindheid waarmee ons moet werk nie, maar Paulus wil ook kan roem in wat God laat gebeur. Ja, die woordjie roem is eie aan wat God deur Paulus openbaar. Van die vyftig kere wat die woord *roem* of dat ek my *beroem* in die Bybel voorkom, is dit Paulus wat 46 keer uit die 50 kere hierdie woord gebruik. In die Grieks gebruik hy hier die woord- **καύχημα-** wat volgens sekere woordeboeke (Nida en Louw) 'n buitengewone hoë graad van tevredenheid wil uitdruk. In alle geval is dit 'n geregverdigde trots wat Paulus openbaar, iets van 'n innerlike voldoening, wanneer hy kan sien hoe God werk. As dit God is wat werk om te wil sowel as om te werk en hy aanskou hoe die kinders van die Here dan ook werk, daar waar hulle dan hulle eie heil met vrees en bewing uitwerk, omdat God dit so laat uitwerk, dan is dit mos iets om in die Here op trots te wees.

Paulus sal nooit die roem in homself of in ander mense soek nie, maar altyd buite homself soek hy die roem en ere in die Here. As ons later by hfst. 3 sou kom- dan wys Paulus nog duideliker dat hy het geleer om nie in sy Joodse deugde te roem nie (3:4-7) want die roem van mense, selfs om teenoor sy vroeëre studiegenote te roem, dit alles is onbelangrik. Hier gaan dit om *roem teen die dag van Christus...* Hy wil dankbaar trots wees op daardie mense wat tot op die dag van die wederkoms, soos ligte bly skyn het en wat aan die Woord van die lewe bly vashou het. Dit sal vir hom wonderlik wees, werklik 'n eresaak as hulle, die gelowiges in Filippi hulle ererol sal bly vervul. Dit is in alles 'n ererol om kind van God te mag wees, 'n eresaak om God as Here te mag ken.

***

Dan beteken dit dat sy werk in hierdie gemeente nie tevergeefs was nie, dat hy nie verniet geloop het, dat hy nie verniet gearbei het nie. Wanneer Paulus sê dat hy nie verniet geloop het nie, dan gebruik hy eintlik die woord vir 'n wedloop- **τρέχω-** of dan nou die woord- ***edramon-*** om te hardloop. Dit was vir hom heeltyd iets van 'n marathon, die baie reise, vêr plekke wat hy te voet na toe moes gaan, altyd was hy eintlik hierin soos 'n atleet, wat daarna verlang om die wenpaal te bereik, om op tyd die wenstreep oor te steek en dan noem Paulus

die streep dat dit Christus is. Hy die stapper wat eintlik maar 'n hardloper was, maar wat geweet het wat die einde vir hom beteken. En nou praat Paulus dat hy nie verniet geloop het en ook nie verniet gearbei het nie. Vir arbeid staan die woord- **ἐκοπίασα- *ekopiasa-*** wat meer letterlik te doen het met die werk van 'n wewer, soos wanneer 'n tentmaker die seile van die tent aanmekaar moet kan weef. Paulus was 'n tentmaker en het hy/sy beroep/ambag in die verkondiging van die evangelie bly doen, juis omdat hy/sy ambag ook in belang van die evangelie kon aanwend, deur ander mense nie lastig te val nie. Wat Paulus eintlik sê as ek in die nagte maar aanhou werk het, in die nagte tente gemaak en in die dag die woord verkondig, mag dit wees dat my nag se werk ook in die lig van die dag betekenis mag hê. Dat hy hom nie verniet so afgesloof het nie!

***

Hyself het met vrees en bewing bly werk, want God het in hom gewerk, om te wil sowel as om te werk. En dan skielik praat Paulus weer oor sy dood. Ons het hom in hfst. 1 dit ook sien doen- *al word ek as 'n drankoffer uitgegiet-* watter aangrypende beeld oor ons lewens einde staan hier! Die drankoffer was in Israel 'n aparte offer, wat gewoonlik al die ander offers in die Joodse offerdiens afgesluit het. Nadat die dier geoffer is, is wyn of olie of water oor die dier, of langs die altaar as 'n teken uitgegiet. Dit is dan 'n drankoffer. Iets van hulle nabetragting wil ek amper sê! Daarmee was die offergeleentheid dan afgesluit. Nou sê Paulus my lewe was ook 'n offer- nou kan die drankoffer daar wees- dit wat nou my lewe afsluit.

Vantevore het ons gesien Paulus worstel hoe lank sy lewe nog sal duur. Tot wanneer hy nog so in die Here sal kan werk. Een kant praat hy van die wederkoms, aan die ander kant van sy eie lewens einde, wat eerste gaan wees, weet hy nie, want al twee kan kom soos 'n dief in die nag. Dit maak in alle geval geen verskil- en dit moet ons ook vir die mense sê wat op lasterlike wyse met allerhande voorspellings die dag van die Here wil voorspel- nou weer word 'n nuwe datum gegryp- in plaas van dat hulle nie hulleself en ander mense met datums mislei nie, maar hulleself ook in 'n gemeente as 'n offer sal gee. Soos Paulus dit vir die gemeente stel, hy het nie net geloop nie, hy het nie net gearbei nie, maar hy het ook homself geoffer vir die bediening van hulle geloof. 'n Offer van dankbaarheid wat vir God toeberei moet wees. Paulus se hele lewe, noem hy dan ook 'n offer, wat hy met vrees en bewing vir die liturgie van die lewe daargestel het. As Paulus praat van die bediening van julle geloof,

dan staan vir die woord bediening- die woord λειτουργία- waar ons woord liturgie vandaan kom!

Ons moet dit wyer sien, dat sonder om te kla, sonder om te murmureer, aanmekaar tee te praat, kom ons staan by wat Paulus sê, ons dien die Here in die bediening van die geloof wat God ons geskenk het. Ons dien Hom met blydskap. Ook na vandag se Nagmaal, dan besef ons om te glo is nie ons offer nie, want ons het die geloof verniet ontvang, maar ons moet die geloof as offer tog op die altaar van die evangelie laat brand- werk julle eie heil uit- beteken die geloof is geen soenoffer nie, want Christus was ons soenoffer, maar tog moet ons geloof ons nou bring by 'n offer van dankbaarheid. Opreg, onberispelik skyn ons soos ligte terwyl ons aan die Woord van die lewe vashou. Ons roem nie in onsself nie, maar ons roem is in die Here. Selfs al moet ek sterwe dan kan ek in die Here sterwe.

So sien Paulus dit, nee laat ek dit reg sê – só openbaar die Here dit aan ons deur Paulus. Ons wat baie keer maar moet rondhardloop, asof ons met 'n marathon besig, ons werk hard om die tente van ons lewe bymekaar te hou, tog is ons almal eintlik maar onderwerp aan die dag wat ek as drankoffer uitgegiet gaan word. Ons wat moet kan offer, laat dit vir ons 'n vreugde wees, tot op die laaste dag. Paulus laat dan selfs by hierdie einde van sy lewe nog die moontlikheid van om bly te wees, steeds voorop staan. Toe ons vanoggend begin het- hfst. 2:2- het Paulus geskrywe maak my blydskap volkome- nou staan hier aan die einde van die hoofstuk- my blydskap is volgemaak. Maak ook julle blydskap vol, want vreugde is ook iets wat as koinonia moet funksioneer. Dit moet gemeenskaplik wees- waar dit verder gaan om die groei van ons geloof, om in gehoorsaamheid eensgesind en nederig te wees, om in vrees en bewing voor die Here ons heil uit te werk, moet ons besef nêrens het die vreugde nog ontbreek nie. Vreugde wat in Christus gedeel kan word! Daarmee het Paulus nooit opgehou nie! Vreugde wat mekaar ook afwissel. Dan is hy in hulle bly, dan kan hulle weer in hom bly wees.

AMEN